

Beste Kliënt

Finansiële beplanning gaan oor meer as om jou welvaart te groei – dit gaan oor die beveiliging van jou toekoms om finansiële sekerheid vir jouself en jou geliefdes te verseker. In hierdie uitgawe van ons nuusbrief dek ons belangrike onderwerpe om jou te help om ingeligte finansiële besluite te neem.

Lewensversekering is 'n onmisbare veiligheidsnet deurdat dit finansiële sekerheid aan jou gesin bied indien jy sterf. Dit kan ook ongeskiktheid en inkomstebeskerming insluit om te verseker jy is gedek vir onvoorsiene omstandighede. Aftreebeplanning behoort ook 'n prioriteit te wees om finansiële sekerheid in jou aftreejare te verseker. Ons belig ook die voordele van 'n uittreeannuïteit (UA).

Waar dit by die groei van welvaart kom, is dit is belangrik om die verskil tussen spaar en belegging te verstaan. Dit is ook belangrik dat jy bewus is van jou polisbepalings en -voorwaardes om te verhinder dat eise onverwags afgewys word. Ons deel ook wenke oor slim gesondheidsorgbeplanning en hoe paartjies finansiële harmonie kan bereik deur saam te werk aan gedeelde finansiële doelwitte.

Kontak my gerus vir deskundige advies oor 'n finansiële plan wat vir jôu werk.

Mooi loop!
HFP Grobler



Waarom lewensversekering 'n prioriteit moet wees

Deur lewensversekering 'n deel van jou finansiële plan te maak, neem jy 'n waardevolle stap om jou toekoms te beveilig en jou geliefdes te beskerm.

Lewensversekering bied finansiële sekuriteit vir jou familie. Dit beteken dat indien die broodwinner sterf, jou geliefdes genoeg sal hê om van te leef en dat daar ook voorsiening gemaak is vir opvoeding, behuising en uitstaande skuld. Dit bied finansiële ondersteuning wanneer hulle dit die nodigste het.

Lewenspolisse bied ook opsies vir ongeskiktheid en inkomstebeskerming, wat 'n kontantuitbetaling doen indien jy tydelik of permanent ongeskik raak. Dit bied ook gevreesdesiekte dekking vir die befondsing van mediese uitgawes en leefstylveranderinge as gevolg van 'n ernstige siekte of besering.

[Vind meer uit oor lewensversekering maatpas vir jôu behoeftes.](#)

Kontak my vir advies oor lewensversekeringsopsies wat by jou omstandighede pas.



Aftreebeplanning vir finansiële sekerheid

'n Goed gestruktureerde aftreeplan wat op grondige finansiële advies gegrond is, is noodsaaklik vir 'n gerieflike, finansiële kommersiële aftrede.

Spaar is 'n sleutelkomponent van aftreebeplanning, en 'n uittreeannuïteit (UA) is 'n kragtige hulpmiddel om jou te help om hierdie doelwit te bereik.

'n UA bied belastingvoordele, belastingvrye groei en boedelbeplanningsvoordele, terwyl die tweepot-aftreestelsel beperkte onttrekkings voor aftrede uit die UA toelaat vir bykomende buigsaamheid.

Indien jy sterf, word die UA-sterftevoordele kragtens die Pensioenfondswet aan jou finansiële afhanklikes uitbetaal. Om 'n gladde proses te verseker, maak seker jou aftreefonds het 'n akkurate rekord van jou afhanklikes.

[Vind uit hoe 'n UA jou kan help om belasting te bespaar.](#)

Kontak my vir raad met boedelbeplanning en aftreespaarplanne.



Spaar en belê met selfvertroue

Enigeen kan selfvertroue opbou om te spaar en te belê deur eers die basiese beginsels onder die knie te kry.

Die eerste stap is om die verskil tussen spaar en belê te verstaan. Spaar is vir korttermyn doelwitte (minder as drie jaar) soos 'n noodfonds of 'n vakansie, terwyl 'n belegging gemik is op langtermyn groei (vyf jaar en langer) om welvaart te bou en inflasie te klop.

Begin deur jou finansiële doelwitte en tydhorison te definieer, en kies dan die regte voertuig om jou daar te bring, bv. 'n spaarrekening vir korttermyn behoeftes of markgekoppelde beleggings vir langtermyn groei. En onthou, deur jou beleggingsopbrengste te herbelê, trek jy voordeel uit die effek van saamgestelde rente – dit wil sê rente verdien op die rente wat herbelê word.

[Vind meer uit oor die beginsels van suksesvolle spaar en belegging.](#)

Jou spaar-en-beleggingsreis begin hier – kontak my vir 'n weldeurdragte strategie om jou welvaart te groei.



Verstaan jou polisbepalings en -voorwaardes

'n Onlangse hofbeslissing benadruk hoe uiters belangrik dit is om aan polisvoorwaardes te voldoen aangesien nie-voldoening tot gevolg kan hê dat 'n eis afgewys word.

In 'n motorversekeringszaak het die Hooggeregshof in Pretoria 'n versekeraar se beslissing gehandhaaf om 'n diefstal-eis op 31 Januarie 2025 af te wys.

Die polis het vereis dat 'n opspoorstelsel geïnstalleer word, en versuim om dit te doen sou op kontrakbreuk neerkom. Hoewel die polishouer die installering bevestig het, het dit later geblyk dat daar nie aan die vereiste voldoen is nie.

Die saak dien as waarskuwing vir polishouers om seker te maak dat daar aan sleutel-polisvoorwaardes voldoen word en om eerlik en stiptelik te reageer tydens eise-ondersoeke.

[Vind meer uit oor die noodsaaklikheid om jou polisbepalings en -voorwaardes te verstaan.](#)

Kontak my vir meer duidelikheid oor die bepaling van jou korttermynpolis.



Bestuur jou mediese uitgawes

Mediese uitgawes maak 'n belangrike komponent van enige huishoudelike begroting uit, so ook van pogings om kostes in toom te hou. Hier volg 'n paar wenke hoe om jou mediese uitgawes te bestuur.

Bepaal of jou mediesefondsvoordele voldoende is vir jou behoeftes, en of jy gereeld groot bedrae uit jou eie sak moet opdok. Met dié inligting tot jou beskikking kan jy dan ander opsies oorweeg soos om na 'n goedkoper plan met minder voordele om te skakel. As jy oorweeg om dié roete te volg, is dit egter belangrik om jou huidige en waarskynlik toekomstige gesondheidsbehoefte in ag te neem, veral die bestuur van chroniese toestande. Gapingsdekking bied bykomende beskerming teen onverwagte, groot mediese uitgawes.

Voor jy egter enige aanpassings aan jou mediesefondsvoordele maak, raadpleeg eers 'n finansiële adviseur om seker te maak jy maak die regte keuse vir jou gesondheidsorgbehoefte en begroting.

[Lees hier vir meer inligting oor hoe om jou mediese uitgawes te bestuur.](#)

Kontak my asseblief vir kundige advies oor mediese en gapingsdekking.



Finansiële harmonie as 'n paartjie

Net soos wat verhoudings op kommunikasie en vertroue gebou is, is die grondslag vir finansiële sukses gesamentlike beplanning, spaar en groei van welvaart. Volg hierdie stappe om jul verhouding te versterk deur jul finansies saam te bestuur.

Begin met 'n oop gesprek oor jul finansiële doelwitte, want deursigtigheid versterk vertroue. Bepaal gesamentlike doelwitte ten opsigte van jul uitgawes en spaargewoontes, en stel as 'n vertrekpunt dan 'n gesamentlike begroting op. Gebruik die regte finansiële hulpmiddels soos begrotingsapps en kredietplatforms om die bestuur van jul finansies te vergemaklik.

Wanneer 'n mylpaal soos 'n spaarteiken of vereffening van skuld bereik word, vier die vordering wat julle gemaak het. Dit sal jul motivering versterk om aan jul groot doelwitte te werk.

[Vind uit hoe om finansiële sukses as 'n paartjie te bereik.](#)

Kontak my vir raad oor die opstel van 'n begroting vir jul gesamentlike finansiële doelwitte.

Wees versigtig waar jy jou geld belê

Die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) dring voortdurend aan dat kliënte die getuigskrifte van 'n finansiële diens verskaffer moet na gaan voordat enige produkte of dienste vanaf hulle aangekoop word.

Om dit te doen, besoek die FSCA se [webtuiste](#) en soek deur die lys van gemagtigde finansiële diens verskaffers.

Nog 'n nuttige wenk is om deur die FSCA se [media vrystellings](#) te soek om te sien of hulle enige publieke waarskuwings oor jou finansiële diens verskaffer gemaak het.

Ek hoop jy vind die inligting in hierdie nuusbrief bruikbaar. Kontak my gerus indien jy enige vrae het, veral indien jou situasie verander het sodat ek jou risiko en beleggingsbehoefte kan hersien.

Kontak my gerus vir 'n hersiening van jou finansiële omstandighede of om jou finansiële plan aan te pas.

Kontakbesonderhede

Kantoor Tel: 081 761 9953 / 087 049 0169
Kantoor E-pos: debra@lantic.net / judyg@lantic.net
Cell Frik: 082 469 2480 / frikkels@lantic.net
Fax: 086 675 8090



Ek sien uit om van jou te hoor!